

# Inhibeer of inspireer kerklike strukture vrouelidmate?



Rinél Hugo

**T**radisioneel het vroue hulle gawes en diens aan God hoofsaaklik binne die eertydse Sustersvereniging, Vrouehulpdiens, Vroueaksie en uiteindelik die Vrouediens uitgeleef.

In 1966 het die Algemene Sinode die volgende besluit geneem: "Die Sinode gee sy goedkeuring vir die totstandkoming van 'n Algemene Vrouehulpdiens-skakelkomitee waarop al die Vrouehulpdienste verteenwoordig sal word."

Vroue het hulleself toe in hierdie "nie-amptelike struktuur" bemagtig en jare lank langs die amptelike kerklike strukture diens in die kerk gelewer.

Met die toelating van vroue tot die ampte was die bedoeling om aan alle lidmate gelyke geleenthede te gee en om vrouelidmate te bemagtig.

Het die kerk dit reggekry? Word diversiteit werklik geakkommodeer? Is die kerk sensitief vir vroue se behoeftes? Word lidmate toegelaat om te dien volgens hulle eie aard, of moet hulle binne rigiede strukture inpas?

## Navorsingresultate het uitgewys

Volgens die onlangse navorsingverslag oor vrouelidmate se bedieningsbehoefte, dien 14% vroue op kerkrade en 10% in kommissies. Is dit omdat hulle nie verkies word nie, of is dit uit eie keuse? Interes-

sant genoeg het 57 % vroue aangedui dat hulle nie op die kerkrade wil dien nie. Deel van die probleem is dat strukture, soos die kerkrade, hoofsaaklik op die bestuur van gemeentes fokus. Dit is dit nie noodwendig waar alle vroue se gawes en passie lê nie. Verder is daar in elk geval nie vir almal op die kerkrade plek nie. Boonop beperk verkleinde kerkrade die moontlikhede van diens.

Alhoewel die bedoeling was dat vroue hulle rol en plek volledig binne die liggaam van Christus sou vind, is slegs 20% in bediening betrokke. Is daar nie steeds in baie gemeentes vroue in die "amp van die gelowige" wat ervaar dat hulle in 'n vakuum gelaat en ontmagtig is nie?

Meer vroue verkies om hulle gawes en geloof eerder in aktiewe bediening as in die verteenwoordigende leierskap en kerkrade uit te leef. Vroue wil hulle geloof "beleef en ervaar". Binne die bestuur van die kerk is daar minder ruimte hiervoor. Alhoewel vroue dus tot leierskap bereid is, is dit nie noodwendig binne die tradisionele leierskapstrukture nie.

Vroue verstaan leierskap anders. Hulle assosieer leierskap met saamwerk, met wedersydse inspirasie en motivering. Leierskap gaan daarom om 'n verskil te maak, verhoudings te bou en wedersydse bemoeiding te verskaf – leierskap vind binne bediening plaas. Leierskap moet dus gemeet word aan die mate waarin jy in óf bestuur óf bediening betrokke is.

Gemeentes moet kennis neem dat onder vroue 'n groot behoefte aan leierskapsontwikkeling is (34%). Vroue behoort sterk gemotiveer te word om by bediening betrokke te raak. Hier moet vir hulle ruimte wees om hulle leierskap uit te leef. Jonger vroue moet aangemoedig te word om as leiers in kinders en kleuterbediening te dien, of waar hulle belangstelling ook al lê.

Deur bedieningsleiers sowel as kerkradelede na meerdere vergaderings af te vaardig, sal méér vroue waarskynlik in besluitnemingprosesse betrek kan

word. 'n Leier binne 'n bediening is net so toegewyd en deel van die gemeente as 'n lid van die kerkraad.

Aanpassings aan amptelike vergaderings sal dit vir meer lidmate moontlik maak om dit by te woon. Sal korter vergaderings en sinodes nie meer ma's en jongmense se behoeftes in ag neem nie? Sal dit nie veroorsaak dat meer jonges, vroue en dinamiese werkende lidmate sinodes kan bywoon nie? Sal dit nie die potensiele poel van afgevaardigdes na ringe en sinodes kan verruim nie?

Die resultate toon verder dat vroue ongeag ouderdom, verhoudingswesens is wat verkieslik in groepe saamkom of -werk, waar hulle mekaar onder andere emosioneel ondersteun. 44% vroue woon Bybelstudie by en 35% is betrokke in vrouebedieningsgroepe. Ondersteuning van mekaar is geweldig belangrik. Diep geheime word blootgelê en daar word saam gehuil en gebid. Vroue het soveel behoefte hieraan, dat hulle moeite doen om in te skakel.

Eenvoudiger strukture wat verhoudings bou, word dus bo voorskriftelike strukture verkies. Vrye assosiasie is belangrik, los van geografiese beperkinge of wyksverband – ruimte dus dat groepe op eie inisiatief gevorm word. Vroue se vermoë om netwerke en verhoudings te bou, kan 'n groot bydrae in gemeentes lewer om nuwe persone in te skakel en om koinonia te bewerkstellig.

Vroue se aktiewe deelname aan bediening vorm in baie gemeentes 'n gesonde kern. Dit is in hulle aard om iets daadwerklik te doen en konkreet 'n verskil te maak. Daarom is armoede, verbrokkeling van gesinne en ongeletterdheid waar praktiese diens gelewer word, hoog op die lys. Vroue se sorgsame aard en omgee-harte, maak dat hulle diensfunksie hoog is.

Almal wil nie noodwendig leiers wees nie. Baie vroue soek bloot 'n ruimte waar hulle met hulle gawes tot diens kan wees. Eenvoudiger strukture waarbinne groepe binne 'n goedgekeurde mandaat eie besluite mag neem en projekte inisieer, sal vroue motiveer en bemagtig.

Wanneer kerklike strukture nie hierdie eie aard en behoeftes van vroue in ag neem nie, gaan vroue eenvoudig na welsynsorganisasies waar hulle hulle gawes en passie kan uitleef. Só verloor die kerk ongelooflike potensiaal.

Die hoë persentasie beroepsvroue se behoeftes moet verreken word. Die eise van ma- en vrouwees, gesinstyd en kinders se aktiwiteite, is 'n werklikheid – nog meer so vir enkelvroue en geskeides. Vroue sal toegerus moet word om hulle Christenskap aktief binne hulle werk en leefwêreld uit te leef, sodat hulle elke dag sout en lig kan wees.

## Hoe bemagtig ons lidmate en vroue?

Ek wil graag die volgende voorstel:

- Ontwikkel die sluimerende leierskap, sowel op bestuurs- as bedieningsvlak.
- Verduidelik wat hulle rol en plek binne die liggaam van Christus is.
- Erken elkeen se unieke gawe.
- Skep 'n ruimte waar elkeen sy of haar gawe kan uitleef.
- Help lidmate om hulle gawes te identifiseer.
- Akkommodeer die diversiteit van almal (vroue, kinders, tieners, manne), en ervaar dit as verrykend vir die gemeente.
- Gee aan bedieningsleiers en die kerkraad gelykwaardige geleentheid om die gemeente te verteenwoordig.
- Bemagtig belange- en portuurgroepe.
- Aanvaar dat alle gelowiges mede-vennote in die bediening is en ook deur God geroep word.
- Rus lidmate toe om hulle geloof in die gesin, gemeenskap en werkplek uit te leef.

Ons vertrou ons sal verstom staan oor die resultate as ons lidmate begin bemagtig. Dink maar aan die Wêreldbiddag vir Vroue, wat al 75 jaar lank in 160 lande sonder enige amptelike kerklike struktuur funksioneer. Vroue met 'n passie en 'n roeping van God, hou dit aan die gang.

Die Algemene Sinode het pas 'n Vrouekantoor goedgekeur, wat mede-verantwoordelik is vir die geestelike toerusting en -bemagtiging van vroue in die kerk. Dié kantoor adviseer die sinode oor beleid teenoor vroue en verteenwoordig hulle by kerklike en nie-kerklike vrouegroepe. Uit die kontak met ander kerke, is dit interessant om te sien hoe sommige van hulle vir vroue 'n ruimte gee en dat daar groot vrouebediening funksioneer.

Die NG Kerk sal kreatief en innoverend moet dink hoe om sy strukture só aan te pas dat vroue se diversiteit in sowel amptelike strukture as bediening geakkommodeer en waardeer kan word. Alleen dán sal alle vroue se potensiaal optimaal benut word.

*\*Rinel Hugo is by die afgelope algemene sinode as addisionele lid van die moderatuur van die Algemene Sinode gekies, slegs die tweede vrou in die geskiedenis wat dié rol in die NG Kerk vervul. Sy is ook die sekretaris van ADGO in die Algemene Sinodekantoor en verantwoordelik vir die nuutgestigte Vrouekantoor wat op Algemene Sinodale vlak met ander vroueorganisasies skakel. Sy was tot onlangs ook die voorsitter van die Taakspan Vrouelidmate.*